

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

SAAKNOMMER: CC 154/88

In die saak tussen:

JACOBA DOROTHEA WIID

APPELLANTE

en

DIE STAAT

RESPONDENT

Coram: CORBETT HR, VIVIER AR et GOLDSTONE WR AR

Verhoordatum: 26 Maart 1990

Leweringsdatum: 30 Maart 1990

---

U I T S P R A A K

---

GOLDSTONE Wr AR

Die appellante het in die Durban en Kus Plaaslike Afdeling voor Bristowe R en twee assessore tereggestaan op 'n aanklag van moord op haar man, Graziel Wiid (hierna die oorledene genoem). Sy is skuldig bevind op die aanklag haar ten laste gelê en nadat die Verhoorhof bevind het dat daar versagtende omstandighede bestaan, is sy 'n vonnis van vyf jaar gevangenisstraf opgelê wat in die geheel op sekere voorwaardes opgeskort is. Met verlof van die Verhoorregter kom die appellante in hoër beroep slegs teen haar skuldigbevinding.

Dit is nie deur die appellante betwis dat die oorledene dood

is as gevolg van h pistoolskoot wat sy op die aand van 3 Desember 1987 afgevuur het nie. Sy het eintlik sewe skote afgevuur waarvan drie die oorledene getref het. Een van hulle wasnoodlottig gewees.

By die aanvang van die verhoor het die appellante die aard van haar verweer in die pleitverduideliking volgens artikel 115 van die Strafproseswet 51 of 1977 soos volg uiteengesit:

"2. Op 3 Desember 1987 het my verhouding met

die oorledene h breekpunt bereik en was ek in

h hoogs gespanne toestand.

3. Kort voor gemelde voorval het oorledene my ernstig aangerand.

4. Oorledene het ook gedreig om my te vermoor.

5. Alhoewel ek erken dat ek my man doodgeskiet het, kan ek dit nie onthou nie.
  
6. Toe ek oorledene geskiet het, het ek as gevolg van verskeie faktore waarskynlik onbewustelik opgetree en nie besef dat my handeling wederregtelik is nie.
  
7. Ek was ook nie in staat om enige beheer oor my gemelde handeling uit te oefen nie. Derhalwe was my handeling nie strafregtelik toerekenbaar nie.
  
- 8 My ontoerekeningsvatbaarheid was tydelik van aard en is nie aan enige permanente of tydelike geestesongesteldheid of -gebrek (soos in artikel

78 van die Strafproseswet bedoel) toe te skryf  
nie."

Die appellante het dus haar tydelike toerekeningsvatbaarheid ten tyde van die pleeg van die beweerde misdaad in geskil geplaas. Hierdie verweer is deur Joubert AR in S v Laubscher 1988 (1) SA 163 (A) op 166 F - 167 A ontleed:

"Om strafregtelik aanspreeklik te wees, moet h dader onder andere ten tyde van die pleeg van die beweerde misdaad toerekeningsvatbaar wees. Toerekeningsvatbaarheid is derhalwe h voorvereiste vir straftelike aanspreeklikheid. Die leerstuk van toerekeningsvatbaarheid is h selfstandige onderafdeling van die skuldleer, volgens De Wet en Swanepoel Strafreg 4de uitg op 110. Om toerekeningsvatbaar te wees, moet h dader se geestesvermoëns of psigiese gesteldheid

sodanig wees dat hy regtens vir sy gedrag geblameer kan word. Die erkende psigologiese kenmerke van toerekeningsvatbaarheid is:

1. Die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Die dader het die onderskeidingsvermoë om die regmatigheid of onregmatigheid van sy handeling in te sien. Met ander woorde, hy het die vermoë om te beseft dat hy wederregtelik optree.

2. Die vermoë om ooreenkomstig daardie onderskeidingsvermoë te handel deurdat hy die weerstandskrag (wilsbeheervermoë) het om die versoeking om wederregtelik te handel, te weerstaan. Met ander woorde, hy het die vermoë tot vrye keuse om regmatig of onregmatig te handel, onderworpe aan sy wil.

Ontbreek een van hierdie twee psigologiese kenmerke dan is die dader ontoerekeningsvatbaar, bv waar hy nie die onderskeidingsvermoë het om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef nie. Insgelyks is die dader ten spyte daarvan dat hy wel die onderskeidingsvermoë het tog ontoerekeningsvatbaar waar sy geestesvermoë sodanig is dat hy nie die weerstandskrag het nie."

In Laubscher se saak het Joubert AR dit nie nodig gevind om te beslis of die bewyslas in die geval van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid op die beskuldigde of op die Staat rus nie. Maar, na my mening, is uitsluitel hiervan in S v Mahlinza 1967 (1) SA 408 (A) gegee. In sy uitspraak, het Rumpff AR die volgende op 419 A - C gesê:

"Hoewel die Staat die elemente van die misdaad moet bewys, bestaan daar n vermoede dat n beskuldigde wel toerekeningsvatbaar is. Wanneer die vraag ontstaan of daar ontoerekeningsvatbaarheid was weens geesteskrankheid, rus die bewyslas om geesteskrankheid te bewys op die beskuldigde. Die beslissing omtrent geesteskrankheid in so n geval word gegee volgens die oorwig van waarskynlikhede. Ook die Staat kan geesteskrankheid beweer, vg. R v Holliday, 1924 A.D. 250. Indien die vraag ontstaan of die ontoerekeningsvatbaarheid van n beskuldigde die gevolg is van geesteskrankheid of van n geestesversteuring wat nie deur geesteskrankheid veroorsaak is nie, en indien daar n grondslag gelê word in die getuienis vir n beroep op ontoerekeningsvatbaarheid nie deur geesteskrankheid veroorsaak nie, moet uitsluitel gegee word ten gunste van die beskuldigde



indien daar n redelike twyfel oor die oorsaak van sy ontoerekeningsvatbaarheid bestaan."

Die verwysing in die laaste sin na "geesteskrankheid" is duidelik n verwysing na n nie-patologiese toestand dws n toestand wat nie deur die bepalings van artikel 78(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 gedek word nie. In Hiemstra, Suid-Afrikaanse Strafproses, 4e uitgawe p 189 word die posisie soos volg gestel:

"Hoewel by gesonde outomatisme die bewyslas op die Staat rus, moet die beskuldigde eers die fondament vir die verweer lê. Daar moet getuienis van die kant van die beskuldigde wees wat sterk genoeg is om twyfel te laat ontstaan oor die vrywilligheid van die beweerde daad of versuim. Dit moet gerugsteun word deur geneeskundige of ander deskundige getuienis wat aantoon dat die onwillekeurige gedraging heel

moontlik te wyte was aan oorsake anders as geestes-  
ongesteldheid of geestesgebrek. As aan die einde  
van die verhoor daar twyfel bestaan of die gedraging  
willekeurig was of nie, moet die beskuldigde die  
voordeel van die twyfel geniet."

Dit is miskien raadsaam om die waarskuwing van hierdie Hof  
in R v H 1962 (1) SA 197 (A) op 208 B - C te herhaal:

"... defences such as automatism and amnesia require  
to be carefully scrutinized. That they are supported  
by medical evidence, although of great assistance  
to the Court, will not necessarily relieve the Court  
from its duty of careful scrutiny for, in the nature  
of things, such medical evidence must often be based  
upon the hypothesis that the accused is giving a  
truthful account of the events in question."

Teen hierdie agtergrond oorweeg ek die wesentlike feite wat tot die skietery gelei het. Op die betrokke dag het die appellante en die oorledene in Dobleweg, Durban gewoon. Hulle was reeds 32 jaar getroud. Die appellante was 51 jaar oud.

Hulle het twee kinders, 'n dogter en 'n seun gehad. Die dogter is verstandelik vertraag gebore en het baie probleme vir die appellante veroorsaak. Die seun het as 'n polisieman gekwalifiseer en die appellante was baie trots op hom.

Gedurende 1983 het hy in 'n motorongeluk breinbeserings opgedoen as gevolg waarvan hy heeltemal verlam is in sy regterbeen en regterarm en sy visie en spraak aangetas is. Hy het gevolglik intensiewe sorg benodig wat deur die appellant verskaf is.

Die oorledene se verhouding met sy kinders was nooit goed gewees nie en in latere jare het dit vererger. Hy het byvoorbeeld geweier om bystand te verleen in verband met sy seun se regsdinging om vergoeding van 'n assuransie maatskappy

te eis.

Gedurende die huwelik het die oorledene vele buite-egtelike verhoudinge aangeknoop. Wat dit betref het die Verhoorregter opgemerk dat:

"Al het dit haar ongelukkig laat voel, was sy in die verlede gewillig dat hy so optree."

Na my mening bewys die getuienis die teenoorgestelde. Sy mag hom in die verlede vergewe het maar het dit geensins goedgeken nie en sy voortdurende ontrouheid het tot baie argumente gelei. Op twee vorige geleenthede het die oorledene die appellante ernstig aangerand. Hy was 'n man met 'n geweldige kort humeur.

Vanaf Augustus 1987 het die appellante in 'n hoogs gespanne

toestand verkeer. Sy het min geëet en van kalmeer-, slaap- en hormoontablette gebruik gemaak. Haar emosionele toestand is vererger omrede die oorledene met nog n buite-egtelike verhouding besig was. Die betrokke vrou was ene mev Bets Bekker, n geskeide dame en ongeveer twaalf jaar jonger as appellante. Die Hof a quo het bevind dat in die dae voor die voorval die appellante wel buitengewoon bekommerd en emosioneel was.

Drie dae voor die skietery het die oorledene uit sy eie aan die appellante erken dat hy dié dag by mev Bekker te Margate deurgebring het. Die doel van die besoek, volgens die oorledene, was om die verhouding te beëindig. Die reaksie van die appellante is soos volg deur die Verhoorregter beskryf:

"Beskuldigde se reaksie was om oorledene te dank en hom te soen. So n gees van vergewensgesindheid

kan ons net bewonder, maar ons aanvaar dat dit wel gebeur het. Ons moet haar getuienis in gedagte hou dat nieteenstaande die oorledene se dwalinge en die onreg wat hy aan haar gedoen het, sy nog steeds lief vir hom was. Sy is uitgevra oor die aspekte van haar lewe met die oorledene. Al het sy nie baie inligting verskaf nie, was dit opmerklik dat haar gesig toe sy met hierdie aspek handel, so te sê gegloei het. Dit was vir ons duidelik dat sy inderdaad die oorledene nog liefgehad het en dat sy talle aangename en gelukkige herinnerings van hom koester. Trouens was sy oortuig dat hierdie verhouding nou beëindig was. Volgens haar ondervinding het oorledene maar selde na dieselfde vrou teruggekeer en nooit onmiddellik nie."

Op die noodlottige Donderdagoggend is die oorledene vroeg

uit die huis en vir verskeie redes was die appellante seker dat hy weer na mev Bekker te Margate gegaan het. Sy was baie ontsteld. Soos sy self dit beskrywe:

"...ek was absoluut platgeslaan...

...ek was so teleurgesteld en so in 'n toestand gewees, want ek kon dit nie glo nie, hy het my so plegtig belowe die Maandag dit is verby en werklik, daar gebeur dit weer. Dit net twee dae nadat hy my belowe het."

Oor dié dag het die Verhoorregter die volgende gesê:

"Sy het vir ons gesê dat die hele dag vir haar vaag was. Ons kan aanvaar dat sy wel min van die oggend en die namiddag onthou. Veral as 'n mens niks doen as om te sit en sy ellendighede in aanskou te neem,

sal hy maar min van so n dag onthou en ek beklemtoon dat hierdie blykbaar die eerste keer was dat die oorledene so n belofte verbreek het."

Mev Harmse is n Staatsgetuie. Om ongeveer vyfuur namiddag die betrokke dag het appellante mev Harmse geskakel en haar gevra dat sy moet oorkom. Sy het toe daar aangekom. Die appellante het in die sitkamer gesit. Sy was baie ontsteld. Sy het vreeslik gehuil en gebewe en gesê sy weet nie wat om te doen nie. Mev Harmse het haar probeer troos, maar tevergeefs. Appellante het haar probleme aan mev Harmse verduidelik. Op n stadium het sy vir hulle elkeen n glas wyn ingeskink en hulle het dit gedrink.

Ongeveer sesuur het die oorledene tuis gekom. Volgens mev Harmse het appellante die oorledene beskuldig dat hy weer by Mev Bekker te Margate was. Die oorledene het dit ontken.



Appellante het daarna kos vir die oorledene en mev Harmse voorgesit. Sy het self nie geëet nie. Op n stadium het die oorledene aan appellante gevra "Waarom kyk jy vir my?" Hy het toe n bandopnemer gaan haal. Appellante se reaksie was om te sê "Nie dit weer nie". Appellante het verduidelik dat hy verskeie kere in die verlede hulle rusies op band opgeneem het. Appellante het probeer om die bandopnemer af te skakel en die oorledene het haar gekeer. Die masjien het op die grond geval. Op daardie stadium het die oorledene die appellante n hele aantal klappe teen die kop toegedien. Deur die geweld van die aanranding is haar neus gebreek, n voortand by die wortel afgebreek en stukkies uit haar ondertande gesplinter. Haar linkeroor was die volgende dag blou en geswel. Haar bril is gebreek. Haar neus en mond het vreeslik gebloei. Die redelike moontlikheid dat sy na die aanranding en toe sy op die oorledene gevuur het, aan konkussie gely het, kan na my mening, nie uitgesluit word nie.

Onmiddelik na hierdie ernstige aanranding het die oorledene gesê "Nou loop ek". Hy is na die slaapkamer. Mev Harmse het h waslap in h badkamer gaan haal om die bloed af te vee en het daarna die lappie gaan uitspoel. Sy het die oorledene in die slaapkamer gesien. Sy het probeer om met hom te praat maar hy het haar uit die kamer gejaag. Sy woorde aan haar was "Loop hier uit of ek donder jou uit". Kort daarna is sy na die kombuis om die appellante te soek. Toe sy by die kombuisdeur uitloop, het sy die oorledene hoor sê "O God" en toe het sy skote gehoor. Sy het na die slaapkamer gegaan en die oorledene op die vloer sien lê. Sy kon nie appellante sien nie. Toe het appellante se seun by die kamervenster opgedaag en geskree "Wat gaan hier aan?". Appellante het geantwoord: "Dis h skietery". Sy het op h stoel in die sitkamer gaan sit. Sy het Mev Harmse verbysterd aangekyk en gesê "Wat het ek gedoen?". Laasgenoemde het geantwoord "Jy het Wiid

geskiet". Die appellante het toe gesê "Wat doen ek nou?"  
Mev Harmse het gesê dat hulle die polisie moet skakel. Sy  
het na die telefoon gestap en geskakel. Die appellante het  
die telefoon van haar geneem en met die polisie gepraat.

Kort daarna het die polisie opgedaag.

Speurder-konstabel De Villiers het ook namens die Staat getuig.

Volgens sy getuienis het die appellante opgetree asof sy in

h dwaal was. "Dit het nie vir my gelyk asof sy weet waar

sy is op die oomblik nie", het hy gesê. Mnr Stokes, nog h

Staatsgetuie, was ook kort na die skietery by die appellante.

Volgens hom was sy nie by haar volle positiewe nie. Sy het

verward voorgekom.

Dit wat die weergawe van die Staatsgetuies betref. Wat van

die appellante se weergawe? Volgens haar kan sy baie min

van die dag onthou. Sy onthou dat sy Mev Harmse geskakel

en haar gevra het om oor te kom. Sy onthou dat hulle gesels het en dat sy h glas wyn vir elkeen van hulle geskink het.

Sy kan niks onthou van wat tussen haar en die oorledene gebeur het nie. Van die aanranding sê sy, "Wel ek het net h sensasie gekry van - dis of jy ligte sien of jy sweef". Sy het niks pyn gevoel nie. Sy onthou niks van die gesprek voordat sy aangerand is nie.

Oor die gebeure na die aanranding lees die appellante se getuienis soos volg:

"Wel die volgende ding wat ek kan onthou , het ek in die kamer gestaan, aan die onderkant van die trappe. My man het - die lig in die aantrekkamer was aan gewees en dit is h baie helder lig en hy het met sy rug na my toe gestaan en hy het omgedraai - ek weet nie of ek met hom gepraat het nie - maar

hy het omgedraai en na my gekyk en hy het vir my gesê, met h - ek kan amper sê wreedaardige trek in sy oê - sy gesig... (tussenkoms)

Sal U maar net stadig gaan. U sê met h wreedaardige trek in sy gesig? -- Ja.

Ja, wat het hy gesê? -- Mag ek aangaan?

Ja, U kan maar aangaan. -- "Ek gaan jou vermoor".

Hy het dit soort van woord vir woord gesê. Hy het voorentoe gekom, langs my op h bankie, langs waar ek gestaan het, het ek sy pistool gesien. Ek kan nie onthou dat ek die pistool opgetel het, dit op hom gerig het of dat ek geskiet het nie. Ek kan wel onthou dat ek skote gehoor het. Dit was ver ver skote wat ek gehoor afgaan het. Hoeveel daar was, weet ek nie.

Mevrou... (tussenkoms) -- Daarna het mev Harmse op my gegil, sy het vir my gesê, "Joan jy het Wiid

doodgeskiet! Wiid is dood!". Die volgende wat ek kan onthou, was ek in die sitkamer weer gewees. Op een of ander stadium, ek weet nie of dit voor die skiet of na die skiet was nie, het Leonie (Harmse) met 'n nat waslap my gesig afgevee. Daarna het ek vir haar gevra, "Wat nou?", toe sê sy ons moet die polisie bel. Toe het ek opgestaan, na die telefoon gegaan. Sy het die knoppies vir my gedruk, en ek het die telefoon uit haar hand geneem, want sy het hom gehad en ek het aan die persoon wat anderkant geantwoord het, die polisie, het ek gesê, "Ek dink ek het my man geskiet".

Die appellante het haar eie 7,65 pistool. Sy is 'n taamlike bedrewe skut. Die oorledene het gewoonlik te alle tye 'n gelaaide vuurwapen op sy persoon gedra. Dit was altyd gereed om te vuur. Die sewe skote wat die appellante op die oorledene

gevuur het, is met die oorledene se eie pistool geskiet.

Onder kruisondervraging het appellante bevestig dat nietaanstaande sy gedrag sy die oorledene nog baie liefgehad het.

Sy het hom elke keer sy buite-egtelike verhoudings vergewe.

Sy wou nie van hom skei nie. Volgens mnr B.T Gillmer, 'n sielkundige wat namens die appellante getuig het, het die appellante die oorledene aanbid.

In sy verslag het mnr Gillmer tot die volgende slotsom gekom:

"Subject to the neuropsychological findings, it would certainly seem feasible that this personality, in the circumstances described by the accused, could have had an impairment of psychological functioning such as to render her temporarily unable to bring proper judgement to bear upon the situation in which

she found herself at the time of the shooting."

Mnr Gillmer het die verhoor bygewoon en na hy al die getuienis aangehoor het, het hy getuig dat die pas aangehaalde slotsom daardeur versterk is. "I think it now seems psychologically more probable that her judgment was impaired to an appreciable degree".

n Tweede sielkundige, Dr R.P. Plunkett, het ook namens die verdediging getuig. Hy het na die volgende faktore verwys:

1. Die inname van kalmeermiddels en alkohol en die verergering van die effek daarvan deurdat die appellante nie geëet het nie;
2. Die geweldige aanranding op die appellante en veral die houe teen haar kop;



3. Die dreigement deur die oorledene dat hy die appellante sou vermoor.

Die kombinasie van daardie faktore en die algemene toestand van spanning waarin sy verkeer het kon, volgens Plunkett, redelik die gevolg gehad het dat die appellant verkeer het in-

"a state of... complete lack of responsibility at that time."

Hy het verder die mening uitgespreek dat die appellante wel kon gehandel het in n toestand waarin sy nie die vermoë gehad het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie. Volgens Plunkett is die appellante se geheueverlies ook daarmee versoenbaar.

Die Verhoorhof het die getuienis van die Staatsgetuies aanvaar.

Veral mev. Harmse is as 'n goeie en eerlike getuie beskryf.

Wat die appellante betref sê die Verhoorregter die volgende:

"Beskuldigde sê sy kan glad nie hierdie aanranding onthou nie. Sy het beweer dat sy net bewus is dat op 'n stadium daar ligte voor haar oë geflits het en sy 'n gesuis in haar ore gehoor het, tekens wat sy vantevore ervaar het toe oorledene haar op haar kop geslaan het. Ons is van mening dat sy dit egter nie wil onthou nie."

Dit is nie vir my duidelik of dit 'n bevinding is dat die appellante nie eerlik was nie. Indien wel, kan ek geen bevestiging in die oorkonde vir so 'n gevolgtrekking vind nie.

Die Verhoorhof het ook bevind dat die appellante doelbewus na die slaapkamer geloop het. Die uitspraak gaan dan soos volg voort:

"Nou ons is dit eens met hulle dat oorledene nie inderwaarheid gedreig het om die beskuldigde te vermoor nie. Ons verwerp daardie deel van haar getuienis, maar nie noodwendig dat sy daaromtrent gelieg het nie.

Ons is van mening dat die eintlike waarheid tē ontstellend vir die beskuldigde was en nog is...

Die dreigement waarvan beskuldigde praat is dus geheel en al nie karakteristiek vir die oorledene nie. In elk geval, watter rede was daar vir hom om haar so te bedreig? Ons kan aan geen rede dink nie en geeneen van die getuies het so iets voorgestel nie. Hy was vasberade om te loop. Hoekom wou hy haar vermoor?

Om diē redes dan verwerp ons die beskuldigde se getuienis

dat sy so bedreig was, maar dan ontstaan steeds die vraag, hoekom het sy die pistool opgetel en dit afgevuur? Soos ek reeds aangedui het, kon sy glad nie dit aanvaar dat haar man haar sou verlaat vir mev Bekker nie. Dit is na ons mening die enigste antwoord wat as redelik moontlik beskou kan word."

Na my mening het die Verhoorhof misgetas met hierdie bevinding. Die dreigement van geweld is wel in ooreenstemming met die oorledene se karakter. Volgens die Staatsgetuies, en veral mnr Stoker, het die oorledene n opvlambare humeur gehad en was hy in staat tot geweld. Minute voor die beweerde dreigement het hy inderdaad n geweldige aanranding op die appellante gepleeg. Hy het ook mev Harmse uit die slaapkamer gejaag en haar met geweld gedreig. Dat hy sy humeur heeltemal verloor het, is duidelik uit al die getuienis. Daar is geen rede om hierdie weergawe van die appellante bo redelike twyfel

te verwerp nie.

Die Verhoorregter het ook die volgende opmerkings gemaak:

"Nou word dit aanvaar dat beskuldigde bewustelik die oorledene geskiet het, verduidelik dit dan haar woorde dat, "Dis h skietery". Dit kan betoog word dat sy van mev Harmse se beweerde woorde die feit van die skietery geleer het, maar kyk na die woorde wat volgens beskuldigde, mev Harmse gebesig het, 'Joan jy het Wiid geskiet. Wiid is dood'. Daar moet opgelet word dat mev Harmse ontken dat sy by die slaapkamer so iets gesê het, en wat ewe belangrik is, het mev Harmse getuig dat sy die beskuldigde op daardie stadium glad nie gesien het nie. Hoekom sou sy dan sê, 'Joan jy het Wiid geskiet?' En al het oorledene se lyk daar op die vloer gelê, hoe kon mev Harmse geweet het dat hy

wel dood was. Ons verwerp ook hierdie deel van  
beskuldigde se getuienis."

Ek is die mening toegedaan dat dit baie gevaarlik sou wees  
om die weergawe van die appellante te verwerp slegs omdat  
dit met die fyn detail van mev Harmse se getuienis bots.  
Mev. Harmse, volgens haar eie getuienis, was in n toestand  
van skok.

Die Verhoorregter se opsomming lui soos volg:

"Om op te som, ons is dit eens dat die volgende bo  
alle redelike twyfel bewys is. Die beskuldigde het  
willens en wetens die oorledene Graziel Wiid met Bew  
1 doodgeskiet, al het sy miskien kalmeerpille gebruik,  
al het sy wel n bietjie wyn gedrink, al het sy moontlik  
diè dag niks geëet nie, al was sy in n emosionele en

gespanne toestand gewees en al het die oorledene haar ernstig aangerand net voor die voorval, het sy nie onbewustelik opgetree nie. Mnr Gillmer en Mnr Plunkett het voorgestel, alhoewel nie met groot oortuiging nie, dat beskuldigde nie weens die voormelde feite in staat was om die ongeoorloofdheid van haar handeling te besef. Dit is duidelik dat, na ons oordeel, daar geen redelike moontlikheid bestaan dat haar toestand so was nie.

Dit is ook duidelik, meen ons, dat sy ooreenkomstig haar besef kon optree. Haar bewussynsvlak was nie so verlaag om hierdie as redelike moontlikhede te laat bestaan nie, en in elk geval haar optrede na die skietery dui vir ons duidelik aan dat, soos ek alreeds gesê het, sy willens en wetens opgetree het, maar dat haar vermoë om so op te tree verminder was, staan nie te betwyfel nie. Dit is duidelik, meen ons, dat sy aan verminderde toerekenbaarheid gely het."

In die eerste instansie is dit die mening van Gillmer en Plunkett dat daar n redelike moontlikheid bestaan dat toe die appellante die skote afgevuur het, sy nie by haar volle bewussyn was nie. Ek kan geen rede bevind om hierdie moontlikheid sonder twyfel te verwerp nie. Tweedens bestaan daar die moontlikheid dat mev Harmse se gil dat oorledene doodgeskiet is en die skok van die skietery self, genoeg mag gewees het om appellante tot die besef te bring van wat sy eintlik gedoen het.

Dan bestaan daar die vraag wat soos volg deur Joubert AR in Laubscher se saak (supra) op 171 D - E gestel word:

"Het hy n totale sielkundige ineenskorting of persoonlikheidsdisintegrasie van n tydelike aard ondergaan sodat hy onwillekeurig opgetree het omdat hy nie weerstandskrag (wilsbeheervermoë) gehad het



nie? Met ander woorde het hy sonder wilsbeheer ten tyde van die pleeg van die beweerde misdade gehandel?"

Na my mening, indien al die feite in ag geneem word, bestaan daar redelike twyfel oor die vraag of die appellante willekeurig opgetree het. Dat sy bewustelik en opsetlik die oorledene wou doodskiet is nie met appellante se persoonlikheid en karaktertrekke te versoen nie. Dit is die effek van haar eie getuienis en word deur Gillmer en Plunkett gestaaf. Haar oorblywende en steeds sterk liefde vir die oorledene rym nie met die doelbewuste doodmaak van die oorledene nie. Die feit dat sy sewe skote geskiet het, is aanduidend van onbeheersde optrede.

Appellante se geheue is wel onsamehangend of sporadies. Sy kan, byvoorbeeld, niks van die aanranding op haar onthou nie, maar kort daarna kon sy onthou wat onmiddelik voor die skietery

plaasgevind het. Die skietery self kan sy nie onthou nie.

Op die oog af geoordeel mag dit n onbevredigende kenmerk van haar weergawe wees. Maar terselfdertyd is daar geen sielkundige getuienis wat suggereer dat hierdie verskynsel teenstrydig is met n verlies van òf die onderskeidingsvermoë om die regmatigheid of onregmatigheid van haar handeling in te sien òf n verlies van die vermoë om daarvolgens te handel nie.

Ek is van mening dat daar ten minste n twyfel bestaan of die appellante, ten tye van die skietery, toerekeningsvatbaar was. Die appellante behoort die voordeel van daardie twyfel gegun te word.

Die appél slaag en die beslissing van die Hof a quo word soos volg verander: "Die beskuldigde word onskuldig bevind en ontslaan".